



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

EKONOMIE

Tyd: 3 uur

300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae sorgvuldig deur.
 3. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
 4. Beantwoord AFDELING A op die binnekant van die voorste buiteblad van die Antwoordboek verskaf en AFDELING B en C in die Antwoordboek.
 5. Beantwoord die vrae punsgewys waar moontlik maar in volledige sinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word verlang.
 6. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
 7. Laat asseblief reëls tussen antwoorde oop.
 8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en om jou werk netjies aan te bied.
 9. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
 10. Moet asseblief nie met 'n potlood **skryf** nie, aangesien werk in potlood nie nagesien sal word nie. Enige sketse of diagramme kan egter in potlood gedoen word.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

Kies die korrekte alternatief en dui die antwoord aan deur 'n kruis (X) in die kolom oor die ooreenstemmende letter aan die binnekant van die voorste buiteblad van jou Antwoordboek te trek.

- 1.1 Watter een van die volgende word as 'n ekonomiese hulpbron geklassifiseer?
- A Verbruik
 - B Produktiwiteit
 - C Produksie
 - D Entrepreneurskap
- (2)
- 1.2 'n Sakesiklus verwys na die ...
- A verandering in die vlak van ekonomiese aktiwiteit.
 - B styging in ekonomiese aktiwiteit.
 - C daling in ekonomiese aktiwiteit.
 - D verandering in pryse.
- (2)
- 1.3 Om inkome deur belasting te verhoog, is deel van die ... beleid.
- A Monetêre
 - B Fiskale
 - C Aanbodkant
 - D Nie een van bostaande nie
- (2)
- 1.4 Kruiselastisiteit van vraag word omskryf as die ...
- A responsiwiteit van die prys van een produk op 'n verandering in vraag na 'n ander een.
 - B responsiwiteit van vraag na een produk op 'n verandering in vraag na 'n ander een.
 - C responsiwiteit van vraag na een produk op 'n verandering in die prys van 'n ander een.
 - D responsiwiteit van die prys van een produk op 'n verandering in die prys van 'n ander een.
- (2)
- 1.5 Die pryselastisiteit van die aanbod van piesangs:
- A hang af van die vlak van verbruikersinkome.
 - B hang af of dit 'n luuksheid of noodsaaklikheid is.
 - C is gewoonlik negatief eerder as positief.
 - D sal waarskynlik groter wees hoe langer die tydperk in oorweging is.
- (2)
- 1.6 Totale nut ... soos meer eenhede verbruik word.
- A styg teen 'n konstante koers
 - B styg teen 'n dalende koers
 - C styg teen 'n stygende koers
 - D daal
- (2)

- 1.7 Watter een van die volgende is die staat se grootste bron van inkome in Suid-Afrika?
- A Belasting op inkome en welvaart
 - B Belasting op goedere en dienste
 - C Die geld wat uit privatisering ontvang word
 - D Inkome uit ondernemings in staatsbeheerde liggame (2)
- 1.8 Watter een van die volgende afkortings is NIE 'n Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkelingsbeleid nie?
- A MVG
 - B NGP
 - C HOP (RDP)
 - D IVEGSA (ASGISA) (2)
- 1.9 Hierdie land is Suid-Afrika se grootste individuele handelsvennoot.
- A Duitsland
 - B Groot Brittanje
 - C Japan
 - D China (2)
- 1.10 Die Phillips-kurwe toon die verband aan tussen die ...
- A nominale rentekoers en die reële rentekoers.
 - B reële rentekoers en die werkloosheidskoers.
 - C werkloosheidskoers en die inflasiekoers.
 - D verwagte inflasiekoers en die nominale rentekoers. (2)
- 1.11 Watter een van die volgende stellings oor merietegoedere is waar?
- A Dit kan deur die vrye mark verskaf word, maar nie in voldoende hoeveelhede nie.
 - B Sodra die produk aan een verbruiker verskaf is, is daar geen ekstra koste om dit aan ander te verskaf nie.
 - C Dit word altyd gratis aan verbruikers verskaf.
 - D Dit is geneig om deur die staat verskaf te word omdat dit nie-uitsluitbaar is. (3)
- 1.12 Watter een van die volgende sal heel waarskynlik die vraag na die VSA-dollar op die Suid-Afrikaanse valutamark laat styg?
- A 'n Daling in die rentekoerse in die VSA.
 - B 'n Verwagte daling in die waarde van die rand met betrekking tot die dollar.
 - C 'n Resessie in Suid-Afrika.
 - D 'n Daling in internasionale toerisme. (3)

1.13 Indien die rand teen die dollar depresseer:

- A sal Suid-Afrikaanse uitvoerpryse in dollarterme styg.
 - B sal die randprys op Suid-Afrikaanse invoere daal.
 - C behoort die balans op die lopende rekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans te verbeter.
 - D sal die Suid-Afrikaanse inflasiekoers daal.
- (3)

1.14 Die inkome-elasticiteit van vraag na 'n produk is -3 . Watter een van die volgende stellings is korrek?

- A 'n 20%-styging in inkome lei tot 'n 60%-daling in hoeveelheid wat gevra word.
 - B 'n 10%-styging in prys lei tot 'n 30%-daling in hoeveelheid wat gevra word.
 - C Die produk is 'n normale produk.
 - D Vraag na die produk is inkome-onelasties.
- (3)

1.15 Watter kombinasie van voorbeeld en beleid, **A**, **B**, **C** of **D**, is heel waarskynlik in ooreenstemming met die bron van markmislukking wat geïdentifiseer is?

Tabel 1

	Bron van markmislukking	Voorbeeld van markmislukking	Beleid om markmislukking reg te stel
A	Verlore mark	Gesondheidsorg	Staatsvoorsiening
B	Positiewe eksternaliteit	Onderwys	Minimum prys
C	Merietegoedere	Petrol	Indirekte belasting
D	Negatiewe eksternaliteit	Steenkoolkragstasie	Besoedelingspermit

(3)

1.16 **Tabel 2: Betalingsbalans**

Item	Bedrag (R-miljard)
Balans op lopende rekening	– 68 416
Netto direkte beleggings	– 33 538
Kapitaaloordragrekening	60
Netto portefeulje beleggings	47 575
Netto ander beleggings	66 897

[Bron: <SARB-kwartaalbulletin 2014>]

Die balans van die finansiële rekening is ...

- A R12 578 miljard
 - B R80 994 miljard
 - C R80 934 miljard
 - D R12 518 miljard
- (3)

- 1.17 "VSA het 'n hoër BBP per kapita as Ysland, maar 'n laer menslike-ontwikkelingsindeksgradering as Ysland." Dit beteken dat:
- A Die gemiddelde grootte van gesinne hoër in Ysland is.
 - B Die lewensverwagting hoër in Ysland is.
 - C Skoolinskrywings hoër in die VSA is.
 - D Die bevolking van die VSA groter is. (3)
- 1.18 Watter een van die volgende is heel waarskynlik 'n voorbeeld van 'n aanbod-kantbeleid in Suid-Afrika?
- A 'n Verlaging in die rentekoers om inflasie te verminder.
 - B 'n Styging in staatsbesteding aan staatspensioene.
 - C 'n Verlaging in maatskappybelasting om groter belegging aan te moedig.
 - D Koop van buitelandse reserwes wat tot die depresiasie van die rand lei. (3)
- 1.19 Om toetrede tot 'n beroep te beperk, sal aanbod in daardie beroep ... en lone ...
- A verhoog; verhoog
 - B verhoog; verlaag
 - C verlaag; verhoog
 - D verlaag; verlaag (3)
- 1.20 Inflasie in 'n ekonomie is tans op 10%. Watter van die volgende veranderings in monetêre en fiskale beleid, **A**, **B**, **C** of **D**, sal heel waarskynlik die inflasiekoers in die ekonomie verlaag?

Tabel 3

	Rentekoerse	Staatsbesteding	Belastinginkome
A	Verhoog	Verhoog	Verlaag
B	Verlaag	Verlaag	Verhoog
C	Verhoog	Verlaag	Verhoog
D	Verlaag	Verhoog	Verhoog

(3)

50 punte

AFDELING B**VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE**

2.1 Bestudeer Tabel 4 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Tabel 4: Nasionale rekening se syfers vir 2013 teen huidige pryse

Item	R-miljoen
Belasting op produkte	373 564
Bedryfsurplusse	1 045 002
Vergoeding van werknemers	1 610 646
Primêre betalings aan die res van die wêreld	157 229
Ander subsidies vir produksie	7 503
Verbruik van vaste kapitaal	461 065
Ander belasting op produksie	63 752
Primêre betalings van die res van die wêreld	64 441
Subsidies op produkte	12 199

[Bron: <SARB-kwartaalbulletin>]

2.1.1 Watter metode om die nasionale rekenings te bereken, word in Tabel 4 gebruik? (2)

2.1.2 Verduidelik die verskil tussen BBP teen huidige pryse en BBP teen konstante pryse. Dui in jou antwoord aan watter metode ekonome die bruikbaarste vind. (4)

2.1.3 Bereken die BBP teen markpryse vir 2013. Toon alle berekenings. (6)

2.2 **'Staatsbesteding kan 'n kragtige stimulus vir 'n ekonomie inisieer deur middel van die vermenigvuldigerproses. Die grootte van die vermenigvuldiger is egter kleiner in oop ekonomieë.'**

2.2.1 Omskryf die ekonomiese term 'vermenigvuldiger'. (2)


2.2.2 Hoekom is die grootte van die vermenigvuldiger kleiner in oop ekonomieë? (2)

2.2.3 Gebruik 'n toepaslike voorbeeld van staatsbesteding en ontleed die moontlike impak van die vermenigvuldigerproses op 'n ekonomie se **werkloosheidsyfer** en **ekonomiese groei**. (6)

- 2.3 **'Vir 'n ekonomie om van 'n resessie te herstel, is daar 'n behoefte om besteding aan te moedig, ideaal gesien deur besighede, maar ook deur huishoudings in die kort termyn.'**
- 2.3.1 Omskryf die ekonomiese term 'resessie'. (2)
- 2.3.2 Verduidelik kortliks DRIE kenmerke van 'n resessie. (6)
- 2.3.3 **Evalueer**, in die konteks van bostaande teks, hoe rentekoerse gebruik kan word om herstel van 'n resessie in 'n ekonomie teweeg te bring. (8)
- 2.4 **'In die laaste jare het SA se handelsbalans steeds versleg ten spyte van 'n daling in die waarde van die rand.'**
- 2.4.1 Beskryf die ekonomiese term 'handelsbalanstekort'. (2)
- 2.4.2 Verduidelik watter uitwerking 'n daling in die waarde van die rand' op die handelsbalans sal hê. (4)
- 2.4.3 Gebruik jou kennis van die Suid-Afrikaanse ekonomie die laaste paar jaar om DRIE redes te bespreek vir die handelsbalans wat steeds versleg. (6)
- [50]**

VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 Bestudeer Grafiek 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Grafiek 1

[Bron vertaal: <<http://12s63econs.wiki.hci.edu.sg/Group+2>>]

Met verwysing na die grafiek, ontleed TWEE ekonomiese gevolge van **maksimum pryse**.

(4)

3.2 **'Markmislukking vind plaas wanneer die markstelsel nie 'n doeltreffende toekenning van hulpbronne kan bereik nie.'**

Bespreek die volgende oorsake van markmislukking:

3.2.1 Onvolmaakte inligting

(4)

3.2.2 Onvolmaakte mededinging

(4)

3.3 **Gebruik 'n tabel**, soos in Tabel 5 hieronder aangedui, om tussen markvorme te onderskei.


Tabel 5: Markstrukture

Kriteria	Monopolistiese mededinging	Oligopolie	Monopolie
Aantal firmas			
Toetrede tot 'n mark			
Aard van die produk			

(9)

3.4 Bestudeer Grafiek 2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Grafiek 2



[Bron vertaal: <www.tutor2u.net>]

3.4.1 Volgens die grafiek, is die vraag na rys pryselasties of -onelasies? (1)

3.4.2 Omskryf die ekonomiese term 'Pryselastisiteit van Vraag'. (2)

3.4.3 Bespreek breedvoerig TWEE faktore wat die pryselastisiteit van vraag (PEV) na rys beïnvloed. (10)

3.5 'Die buitelandse valutamark word as 'n goeie voorbeeld van 'n volmaakte mark beskou.'



[Bron: <WikiProject_Numismatics_logo.svg>]

Bespreek hierdie stelling deur die buitelandse valutamark met VIER kriteria van 'n volmaakte mark te vergelyk. (16)
[50]

VRAAG 4 EKONOMIESE STREWES EN GEMENGDE VRAE

4.1 Bestudeer die volgende spotprent in Bron 1 en beantwoord die vrae wat volg.

Bron 1

[Bron: <<http://africartoons.com/cartoon/14855>>]

- 4.1.1 Beskryf TWEE vorms van beskerming. (4)
- 4.1.2 Met verwysing na die spotprent hierbo, bespreek TWEE moontlike redes hoekom die EU handelsversperrings gebruik om hul ekonomieë te beskerm. (8)
- 4.1.3 Gebruik SLEGS 'n diagram om die uitwerking te illustreer wat 'n EU-verbod op Suid-Afrikaanse sitrusinvoere op die prys van sitrusvrugte in die EU sal hê. (6)

4.2 Vrae 4.2 en 4.3 is op die onderstaande spotprent in Bron 2 gebaseer.

Bron 2



[Bron vertaal: <http://africartoons.com/sites/default/files/images/20140530_miles_ddispatch.jpg>]

- 4.2.1 Waarvoor staan die akroniem NOP (NDP)? (1)
- 4.2.2 Noem die TWEE hoofogmerke van die NOP (NDP). (4)
- 4.2.3 Verduidelik DRIE van die kwessies wat in die spotprent geïdentifiseer is en evalueer hoe hulle die ekonomiese groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie beperk. (6)
- 4.3 Verduidelik kortliks wat die aanwysers hieronder meet en wat die verwagte verandering sal wees indien die NOP 'n sukses is.
- 4.3.1 BBP per kapita
- 4.3.2 Gini-koëffisiënt
- 4.3.3 MOI-gradering
- 4.3.4 Onder 5 mortaliteit (12)
- 4.4 Met behulp van voorbeelde en kenmerke onderskei tussen **ontluikende**, **ontwikkelde** en **ontwikkende ekonomieë**. (9)
- [50]

VRAAG 5 KONTemporêRE EKONOMIESE KWESSIES EN GEMENGDE VRAE

5.1 Verduidelik die volgende begrippe:

5.1.1 disinflasie (2)

5.1.2 stagflasie (2)

5.1.3 PPI (2)

5.2 Bespreek **DRIE** gevolge van inflasie. (12)

5.3 **Tabel 6: Suid-Afrikaanse inflasie: Desember 2014**

Indeks	Des 2011	Des 2012	Des 2013	Nov 2014	Des 2014
Oorkoepelende VPI	94,6	100	105,4	110,5	111,0

5.3.1 Watter jaar is die basisjaar? (2)

5.3.2 Bereken die maandelikse inflasie **en** die jaarlikse inflasie vir Desember 2014. Toon alle berekenings. (6)

5.3.3 Gegrand op die jaarlikse inflasiekoers wat in Vraag 5.3.2 bereken is, dink jy dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank die repokoers moet aanpas? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

5.4 **'Suid-Afrika kyk na die moontlikheid om 'n minimum loon in alle sektore in te stel.'**

5.4.1 Verduidelik TWEE redes vir 'n regering om 'n minimum loon in te stel. (4)

5.4.2 Gebruik 'n diagram en 'n bespreking om die impak van 'n minimum loon op die arbeidsmark te ontleed. (8)

5.4.3 **'n Styging in die minimum loon sal die koste verhoog vir die firmas wat minder as die minimum loon betaal, wie dan hul verkoopsprys sal verhoog.'**

Verduidelik hierdie stelling en **valueer** kortliks die moontlike uitwerking van hierdie stelling.

(8)
[50]

200 punte

AFDELING C

VRAAG 6 DATA RESPONS

Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Vraag 6.1 is op Bron 3 gebaseer.

Bron 3



[Bron vertaal: <<http://africartoons.com>>]

- 6.1 6.1.1 Omskryf die ekonomiese term 'semistaatsinstelling'. (2)
- 6.1.2 Met verwysing na **Bron 3**, bespreek DRIE voordele en DRIE nadele daaraan om semistaatsinstellings in Suid-Afrika te privatiseer. (12)

Vrae 6.2 en 6.3 is op Bron 4 gebaseer.**Bron 4****SA se groeivooruitsigte vervaag weens Eskom se moeilikhede**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het hul groeivoorspelling vir vanjaar besnoei, en gesê dat die land se kragkrisis die voordeel van laer wêreldwye oliepryse op die binnelandse front kan neutraliseer.

Hoewel die inflasierisiko's verbeter het as gevolg van die daling in wêreldwye ru-oliepryse bly daar kommer oor die effek van binnelandse beperkings op groei, veral die voortgesette kragkrisis.

Beurtkrag veroorsaak onberekenbare skade aan verskeie nywerhede, insluitend die mynbedryf en nywerheidsvervaardiging.

Die bank se voorspelling vir groei in 2015 is afwaarts hersien na 2,2% van 2,5% en dié vir 2016 na 2,4% van 2,9%.

Die Reserwebank verwag dat inflasie in 2015 gemiddeld 3,8% sal wees, vergeleke met die vorige voorspelling van 5,3% en om 'n laagtepunt van 3,5% in die tweede kwartaal van hierdie jaar te bereik vergeleke met 5,1% voorheen.

Santam Beleggings ekonoom, Arthur Kamp, het gesê dat net soos die Reserwebank nie noodwendig rentekoerse verhoog het toe skerp stygings in die olieprys oorkoepelende inflasie opgedruk het nie, het dit ook nie noodwendig rentekoerse gesny toe oliepryse oorkoepelende inflasie onderdruk het nie.

Die randwisselkoers teen die dollar het 'n opwaartse risiko vir die inflasievooruitsigte gebly en was kwesbaar vir die tydsberekening en tempo van VSA-beleide. Hoër reële rentekoerse in die VSA kan tot depresiasie van die rand lei. Verdere depresiasie van die rand teen die dollar kan ook die positiewe voordele van laer oliepryse op inflasie verswak.

Saam met die wisselkoers het loon- en salarisverhogings bo inflasie en produktiwiteitsgroei 'n opwaartse risiko vir die inflasievooruitsig gebly.

[Aangepas en vertaal uit bron: <<http://www.iol.co.za/business/sa-growth-outlook-dims-on-eskom-woes>>]

6.2. Bron 4 verwys na 'inflasierisiko's'.

6.2.1 Identifiseer DRIE voorbeelde van faktore wat inflasie, wat in **Bron 4** genoem word, beïnvloed en bespreek hoe hulle inflasie kan **verhoog**. (12)


6.2.2 Noem DRIE makro-ekonomiese doelstellings van die regering. (6)

6.3 'Hoër reële rentekoerse in die VSA kan tot depresiasie van die rand lei.' (Bron 4)

Gebruik 'n diagram van die **direkte** metode van die Suid-Afrikaanse wisselkoers en 'n bespreking om die betekenis van bostaande stelling te verduidelik. (10)

Vraag 6.4 is op Bron 5 gebaseer.

Bron 5



- 6.4 Volgens **Bron 5**, watter land se BBP sal die meeste daal as gevolg van die laer oliepryse? (2)
- 6.5 Assesseer watter uitwerking 'n laer olieprys op die Suid-Afrikaanse ekonomie sal hê. (6)

50 punte

Totaal: 300 punte